



➔ deur Juan Venter

GESONDE 'WOLMASJIENE' VIR 2021: **BEPLAN SÓ ...**

Jou skape kan gesien word as jou plaas se 'wolmasjiene', en in daardie sin moet hulle altyd goed 'ge-olie' bly met die korrekte, voorafbeplande gesondheidsbestuursaksies. Die volgende aksies kan nou al uitgevoer word om te verseker dat jy gedurende 2021 'n gesonde, hoogs produserende trop 'wolmasjiene' sal hê.



Begin met jou **suiplammers**, dié lammers wat in Augustus en September gebore is. Die volgende bestuurspraktyke kan 'n groot verskil maak:

- 1** Doseer alle lammers ouer as 12 weke teen lintwurm en rondewurms. Moenie dat jou lam vir voedingstowwe meeding met parasiete wat sy groei kan benadeel nie.
- 2** Ent alle lammers ouer as 12 weke in teen siektes soos bloutong, Slenkdalkoors, bloednier en pasteurella. Alle statistiek dui op 'n natter seisoen en Slenkdalkoors kan 'n groot probleem wees. Verseker dat jy voorkomend optree.
- 3** Speen alle lammers en selekteer vervangingsooie. Dit baat om lammers so vroeg moontlik te probeer speen. Ooie se melkproduksie daal drasties 60 dae ná lam en dan is die lam se grootste mededinger sy eie ma.
- 4** Skuif die speenlammers na goeie weiding en verskaf 'n goeie proteïenlek indien nodig.

Die volgende groep diere waaraan jy aandag moet gee, is die **ooie wat in Oktober/November** gepaar is:

- 1** Skandeer ooie 5 tot 6 weke nadat die ram uitgehaal is. Ooie wat droog skandeer, kan verkoop word. Gebruik hierdie geld om dragtige (verkieslik tweetand-) ooie in te koop eerder as om ooie te hou wat nie gevat het nie.
- 2** Ooie wat vroeër as Oktober/November gepaar is en binne die volgende ses weke gaan lam, moet teen pasteurella, bloednier, blou-uier, rooiderm (indien dit by jou voorkom) en bloedderm (indien dit by jou voorkom) ge-ent word. Voorts moet hulle teen inwendige parasiete ingespuut en teen neuswurm gedoseer word. Neuswurm is baie aktief in November tot Januarie en dit word sterk aanbeveel om hierdie dosering by alle diere te doen. Dit is van kardinale belang dat ooie tydens lam en ramme tydens paring skoon moet wees van neuswurm. Dan het hierdie diere hulle neuse nodig om funksioneel te wees.

(BLAAI OM)

BELANGRIK: Moenie dragtige ooie met lewendige entstowwe soos bloutong en Slenkdalkoors ent nie. Dit kan aborsies veroorsaak. Lees die entstowwe se pamflette om seker te maak dat dit veilig is vir dragtige ooie.



Seker die grootste belegging in jou kudde is jou **ramme**:

- 1** Alle bestuursaksies ten opsigte van die ramme moet minstens agt weke voor die volgende paring in Maart/April afgehandel wees. Ramme kan tydelik onvrugbaar raak as hulle gehanteer of met lewendige entstof ingespuut word. Lewende entstof kan 'n koorsreaksie by diere veroorsaak en sodoende tydelike onvrugbaarheid by ramme tot gevolg hê. Dit vat dan agt weke vir hulle om weer hul semenvolume aan te vul.
- 2** Toets jou ramme vir vrugbaarheid en geslagsiektes vir die herfsparing voor die paarseisoen begin.
- 3** Skeer die ramme en doen alle nodige inentings, doserings en aanvullings van minerale vir die herfsparing.
- 4** Sorg dat die ramme in 'n goeie kondisie is voor paring. Prikkelvoeding soos hawerpitte of 'n goeie lek gee goeie resultate. Wees versigtig vir skoon mielies of sjokolademielies, aangesien dit tot die aansameling van vet om die testes kan lei, wat die ramme se vrugbaarheid aantast. 'n Lek hoog in proteïene word aanbeveel. Sorg vir genoeg vreetspasie sodat die ramme almal gelyktydig kan vreet. Ramme moet pers tussen die voor- en agterbene wees wanneer hulle na die ooie gaan, dit is 'n aanduiding dat die ramme reg is vir die ooie.
- 5** Doseer elke ram een keer per week met 20 ml koringkiemolie die laaste vier weke voor paring.



Die volgende groep diere waarna jy as boer kan kyk, is die **ooie wat in die herfs gepaar gaan word**. Al hiërdie aksies moet ses weke voor paring afgehandel wees:

- 1** Mikskeer langwoloöie. Dit help die ramme om hulle gemakliker te dek.
- 2** Ent ooie in teen ensoötiese aborsie, pasteurella, bloednier en bloutong. Ent slegs teen ensoötiese aborsie indien jy verseker weet jy het dit in jou kudde.
- 3** Doseer met mondelinge middels teen rondewurm en neuswurm.
- 4** Vul minerale aan indien nodig.

Die **vervangingsooie** is jou 'fabriek' vir die volgende vier tot vyf jaar, en dit is van kardinale belang dat jy hiërdie groep diere reg sal hanteer:

- 1** Ent die ouer groep ootjies, wat in die herfs die eerste keer gepaar gaan word, teen ensoötiese aborsie, asook pasteurella, bloednier, bloutong, Slenkdalkoors en so meer.
- 2** Die ootjies wat so pas geselekteer is (wat in Augustus/September gebore is), moet teen bloutong gedoseer word, en wel ses weke uitmekaar soos aanbeveel.
- 3** Ent die jong ootjies met bloednier-entstof.

BELANGRIK: Jong diere wat vir die eerste keer voorkomend geënt word, moet binne ses weke weer geënt word om weerstand te versterk. As dit nie gedoen word nie, beteken die enkele enting niks. Die opvolg-enting word die skraagdosie genoem.



Die wondermiddel in enige skaapkudde is kos! Verseker dat jou diere se kondisie reg is deur dit op 'n gereelde grondslag na te gaan en dienooreenkomstig op te tree.

Die biosekuriteit van jou kudde en jou plaas is 100% in jou eie hande en daarom is dit belangrik dat jy alles in jou vermoë doen om jou kudde gesond te hou. Maak

seker jy plaas aangekoopte diere in 'n kwarantynkamp en laat toets vir siektes voordat jy hulle tussen jou eie diere insit. Wanneer biosekuriteit prioriteit geniet op 'n plaas, vergemaklik dit die koop en verkoop (en dus wins) van diere met betrekking tot hul gesondheid. 